higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GEMEENSKAPSGEORIËNTEERDE PRIMÊRE SORG
NKR VLAK 2

(9010102)

17 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

434Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Gemeenskapsgeoriënteerd beteken om met mense in 'n land in sy geheel te werk.

1.1.2 Epidemiologie is die studie van die koers, verspreiding en beheer van siektes in 'n bevolking.

1.1.3 Aansteeklike siektes is siektes wat van persoon tot persoon versprei.

1.1.4 Om moeders met ondergewig babas oor behoorlike voeding op te voed, is 'n voorbeeld van 'n gedragsbenadering tot gesondheidsbevordering.

1.1.5 Voorgeboortesorg is sorg wat gegee word ná die baba se geboorte.

1.1.6 'n Oorgeslane-generasie-gesin bestaan uit 'n enkele geslag.

1.1.7 Geslag/gender is die sosiale bepaling van geslagtelike verskille.

1.1.8 Posttraumatiese stresversteuring is 'n voorbeeld van 'n sensoriese gebrek.

1.1.9 Xenofobie het dikwels tot gevolg dat mense van ander lande onbillik behandel word.

1.1.10 Gini-koëffisiënt is 'n statistiese formule wat gebruik word om ongelykheid te meet.

(10 × 1) (10)

1.2 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae:

HOE COVID-19 TOT VOORDEEL VAN TB- EN MIV-DIENSTE KAN STREK

Intervensies wat spesifiek vir COVID-19 ontwikkel word, kan ook tering- en MIV-dienste verbeter. Byvoorbeeld, gemeenskapsnetwerke wat vir COVID-19-sifting ontwikkel is, kan gewysig word om tering en MIV te ondersteun; om teringsifting en MIV-selftoetsing uit te brei; om individue te identifiseer wat bykomende ondersteuning nodig het (bv maatskaplike toelaes); en om nuwe gevalle of pasiënte te koppel wat by opvolgsorg verlore geraak het; en om vir terminale pasiënte te sorg.

[Aangepas uit *https://www.thelancet.com/journals/lanres/article/PIIS2213-2600(20)30311-8/fulltext*]

1.2.1 Identifiseer DRIE komponente van omvattende sorg. Kies woorde uit die artikel om jou antwoord te staaf. (3 × 2) (6)

1.2.2 Kies TWEE gesondheidsorgbeamptes wat mense met MIV, TB en COVID-19 met maatskaplike toelaes kan help. (2)

Kopiereg voorbehou

1.2.3 Bespreek die verhouding tussen TB en MIV. (3 × 1) (3)

1.2.4 Bespreek die tipe primêre voorkoming-strategie wat die verspreiding van TB in enige gemeenskap die beste sal stopsit. (3)

1.2.5 Kies die sosiale klas wat die meeste deur TB geraak word.

Gee redes vir jou keuse. (3 × 1) (3)

1.2.6 Bespreek die belangrikheid van TYD in die bestuur van COVID-19. (3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 ’n ... is ’n voorbeeld van ’n tweegenerasie-familie.

A man + man
B vader + seun + dogter
C man + vrou
D ckinders

2.1.2 Om ’n adolessent oor veilige seks te onderrig, is ’n voorbeeld van ...

A sekondêre voorkoming
B universele primêre voorkoming
C aangeduide primêre voorkoming
D behandeling

2.1.3 ’n Toestand wat deur middel van gekontamineerde water versprei, is _____.

A Polio
B TB
C MIV
D Coronavirus

2.1.4 ’n Familie wat kinders uit ’n ander familie versorg.

A aangetroude familie
B uitgebreide familie
C aangebore familie
D aangenome familie

2.1.5 Die perinatale sterftesyfer is die hoogste onder ...

A vroue ouer as 50 ☆
B vroue ouer as 35
C adolessente
D bejaardes

2.1.6 'n Enkelouer-kerngesin bestaan uit 'n …

A man en 'n vrou
B ouma en kleinkinders
C pa en 'n kind
D man, vrou en kinders

2.1.7 Nasionaliteit verwys na ... ☆

A herkoms
B familie
C voorgeslagte
D burgerskap

2.1.8 Die stadium wanneer die brein die ontwikkeling en funksionering van die voortplantingstelsel inisieer.

A Tiener
B Kleuter
C Kinderjare
D Kleinkinderjare/kleintyd

2.1.9 Sekondêre vroulike eienskappe sluit in …

A groei van baard ☆
B Breër heupe
C ontwikkeling van borste
D Breë skouers

2.1.10 'n Gesondheidstoestand wat met die voortplantingstelsel in vroue geassosieer word.

A blaaskanker
B menopouse
C diabetes
D osteoporose

(10 × 1) (10)

2.2 Noem VYF xenofobiese praktyke deur gesondheidsorgpraktisyns teenoor buitelanders, veral diegene uit Afrika. (5) ☆

2.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae. ☆

Dit is 9h00 op 30 September 2021. Volgens die kollege se rooster skryf jy Lewensoriëntering. Jy is reeds ná 30 minute klaar, maar volgens eksamenreëls mag jy slegs ná ’n uur gaan. Jy is verveeld en die halfuur wat jy nog moet wag om die lokaal te verlaat, voel soos ure. Terwyl jy deur die vensters na buite kyk, sien jy ’n boom met pienk bloeisels raak.

Identifiseer VIER tipes tyd in die bostaande scenario. Haal voorbeelde uit die scenario aan om jou antwoord te staaf. (4 × 2) (8)

2.4 Bespreek hoe GOPS-beginsel 1 op die sosiale stratifiseerder *ouderdom* betrekking het. ☆ (7 × 1) (7)

[30]

VRAAG 3

3.1 Kies ’n term uit KOLOM A om by ’n beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A-L) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Om navorsing te doen oor watter kontrasepsiemetode jou die beste pas	A	matriliniêre afkoms
3.1.2	’n Diagram wat die struktuur van families met verloop van tyd aandui	B	strategiese keuse
3.1.3	Familieafkoms wat slegs deur middel van die vroulike lyn nagespoor word	C	kontinuum
3.1.4	Die vermoë om gesondheidsinstruksies te verstaan	D	geheuekaart ☆
3.1.5	Wanneer nuwe gesinne hulle onafhanklik van albei stelle familielede vestig	E	tersiêre voorkoming
3.1.6	Om medikasie vir hoë bloeddruk te neem	F	neolokale stelsel
3.1.7	Om te besluit om seksueel aktief te word ☆	G	genogram
3.1.8	Spraakterapie vir ’n tweejarige kind wat nie kan praat nie	H	skepping van ’n funksie
3.1.9	Vermoë om onafhanklik besluite te neem.	I	kritieke gesondheids-geletterdheid
3.1.10	’n Reeks gebeure tussen twee moontlikhede	J	outonomie
		K	basiese gesondheids-geletterdheid
		L	Neolokale woning

(10 × 1) (10)

3.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

SAMKELO RADEBE

Samkelo Mike Radebe is 'n Suid-Afrikaanse Paralimpiese naelloopatleet en hoogspringer. Hy het albei arms in elektrokusieongeluk op die ouderdom van 9 verloor toe sy vlieër in elektriese drade vasgevang is. Die Suid-Afrikaanse organisasie Children of Fire het hulp verleen met Radebe se rekonstruktiewe chirurgie en post-traumatiese stres nadat hy beseer is.

Hy woon by sy ouers wat hom na oefeninge, fisioterapie en werk toe neem. Hy het in 2016 'n regsgraad verwerf en by 'n regsfirma begin werk.

[Aangepas uit: *https://en.wikipedia.org/wiki/Samkelo_Radebe*]

3.2.1 Wat is Samkelo se gebrek? (1)

3.2.2 Bespreek of Samkelo aktiwiteitsbeperking ervaar. (2 × 1) (2)

3.2.3 Ervaar Samkelo deelnamebeperking? Staaf jou antwoord. (2 × 1) (2)

3.2.4 Wie is Samkelo se fasiliteerders? (2 × 1) (2)

3.2.5 Wat is Samkelo se hulpbronne? (2 × 1) (2)

3.2.6 Waarom kwalifiseer Samkelo nie vir 'n ongeskiktheidstoelaag nie? (2 × 1) (2)

3.3 Onderskei tussen die konsepte *ras*, *oorsprong* en *etnisiteit*.

RAS	OORSPRONG	ETNISITEIT
•	•	•

(3 × 3) (9)

[30]

VRAAG 4

4.1 Noem AGT rolle van die familie in die samelewing. (8)

4.2 Bestudeer die onderstaande genogram en beantwoord die vrae:



4.2.1 Uit hoeveel geslagte bestaan die familie? (1)

4.2.2 In watter tipe poligame huwelik bevind die 57-jarige vrou haar? (1)

4.2.3 Watter tipe afkoms word aangedui? (1)

4.2.4 Kies VIER ouderdomsgroepe uit die genogram. (4)

4.2.5 Wat bepaal die reg met betrekking tot opvoeding en indiensneming van die 16-jarige meisie? (5 × 1) (5)

4.3 Gee DRIE voorbeelde van gesondheidstoestande wat met ouer vroue geassosieer word en gesondheidstoestande wat nie met ouderdom verband hou nie. (3 × 2) (6)

4.4 Gee die VIER komponente van GOPS-beginsel 3. (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 ’n Driejarige kind word as ’n (kind/kleuter) beskou.

5.1.2 (Absolute/Relatiewe) armoede is wanneer mense in ’n bepaalde samelewing of gemeenskap ’n lewenstandaard handhaaf wat nie sosiaal aanvaarbaar is nie.

5.1.3 (Fasiliteerders/Struikelblokke) is hindernisse wat mense ervaar wanneer hulle gestremd is.

5.1.4 Sekelsel-anemie is ’n toestand wat meestal vroue van (Afrika-/wit) afkoms raak.

5.1.5 ‘Seuns is meer atleties as meisies’, is ’n stelling wat oor (geslagtelikheid/gender) handel.

(5 × 1) (5)

5.2 Verduidelik VYF algemene redes waarom vroue verkies om ’n swangerskap te beëindig. (5)

5.3 Bespreek sosiale klas en die tipe gesondheidsorgwerkers wat sorg in die openbare en private sektor verskaf. (5 × 1) (5)

5.4 Kies die tipe INPERKING/GEBREK wat in die illustrasies hier onder aangedui word.

FIGUUR 1	**FIGUUR 2**
	
[Bron:www.google.com]	[Bron: *https://za.pinterest.com/pin/769552655071541002]*

FIGUUR 3	FIGUUR 4
	 PSIGIATRIESE SAAL
[Bron: *https://www.colourbox.com/vector/woman-with-wheelchair-vector-11325620]*	[Bron: *https://www.dreamstime.com/illustration/lunatic.html]*

(4 × 1) (4)

5.5 Noem VIER gesondheidskwessies wat uit geslagsgebaseerde geweld teen vroue kan voortvloei. (4)

5.6 Bespreek waarom GOPS-beginsel 4 nuttig is in die bestuur van TB in 'n omskrewe gemeenskap. (7 × 1) (7)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou